LAERSKOOL PARK

Tel.: 044-691 1020\1
E-Pos parklaerskool@gmail.com
Webblad www.parklaerskool.co.za
Prinsipaal D.F. Du Toit

Kaapweg 49
Posbus 96
MOSSELBAAI

1 April 2021

Geagte Ouers/Voogde

Ek hoop en vertrou dat dit met elke ouerhuis goed gaan. Meer as ‘n jaar het nou verloop sedert die Covid-19 inperkings begin het. Teen hierdie tyd het ons al verwag om meer normaal te funksioneer in skole, maar ons besef almal dat ons afhanklik is van direktiewe wat nie te voorskyn kom nie of soms oornag verander. Dit bring heelwat onsekerheid en skole wat nie gehoor gee aan regulasies nie en die sosiale media vererger hierdie situasie. Ten spyte hiervan nader ons nou die einde van kwartaal 1 van 2021. ‘n Uitdagende kwartaal, veral vir die leerders wat die eerste keer hul skoolloopbaan moes begin. Ons is egter bevoorreg en dankbaar dat dit ten spyte van verandering nog goed gaan met ons leerders en die skool.

1. NUUTSTE REGULASIES - SPORTOEFENINGE

Die nuutste regulasies is Saterdag, 27 Maart in die Staatskoerant, 44339 gepubliseer. Die volgende aktiwiteite word toegelaat om te begin, sonder toeskouers, onderhewig aan verpligte veiligheidsprotokol. Volgens die regulasies mag:

- Skole sportwedstryde plaasvind
- Fisiese opvoeding doen
- Buitemuurse aktiwiteite hê en
- Interskool-, distrik-, provinsiale- en nasionale skole sporttoernooie plaasvind.
- Kooroefeninge en kooroptredes word ook toegelaat.

Streng maatreëls moet gehandhaaf word:

- Daar sal slegs een toegangshek wees by sportvelde.
- Alle deelnemers moet die veiligheids- en temperatuurskandering ondergaan. Leerders met ‘n temperatuur van 38˚ en hoër sal nie toegelaat word om die terrein te betree nie.
- Handsanitering sal voor en na afloop van oefeninge en wedstryde plaasvind.
- ‘n Persoon wat die terrein verlaat en terugkeer sal weer die veiligheidsprosdures moet deurgaan.
- ‘n Register sal gehou word van alle deelnemers.

2. KLASASSISTENTE

Ons was die afgelope tyd bederf met die assistente wat deur die regering se werkskeppingsinisiatief by ons skole geplaas was. Hul was van groot hulp met die skanderingsproses, bystand in die klaskamer en sportafrigting. Die tydperk is intussen verleng tot die einde van die kwartaal. Ons het groot waardering vir die wyse waarop hul ingeskakel het by ons skoolomgewing.

3. WINTERSDRAG

Met die heropening van die skole vir die tweede kwartaal in Mei, skakel ons dadelik oor na wintersdrag. Maak nou al seker dat u kind/ers die korrekte wintersdrag het vir die terugkeer.

4. AKADEMIE

Die toewyding en entoesiasme waarmee leerders skool benader het, is aan die kwyn. Leerders moet aangemoedig word om hul gedrag teenoor hul skoolwerk en tuiswerk te verbeter om nie onnodige agterstande op te bou nie. Kom ons kweek ‘n werksetiek tuis op die selfstudiedag.

5. WEEKBEPLANNING VIR KWARTAAL 2

Aangeheg vind u ‘n beplande program vir die kwartaal tot 9 Julie.

Groep 1 (A – L): Blou Groep 2 (M – Z): Geel

INDELING VAN ROOSTER

Siklus 1	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	3 Mei	4 Mei	5 Mei	6 Mei	7 Mei
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	10 Mei	11 Mei	12 Mei	13 Mei	14 Mei
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5
Siklus 2	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	17 Mei	18 Mei	19 Mei	20 Mei	21 Mei
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	24 Mei	25 Mei	26 Mei	27 Mei	28 Mei
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5
Siklus 3	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	31 Mei	1 Junie	2 Junie	3 Junie	4 Junie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	7 Junie	8 Junie	9 Junie	10 Junie	11 Junie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5
Siklus 4	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	14 Junie	15 Junie	16 Junie	17 Junie	18 Junie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep			*Jeugdag*		
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	21 Junie	22 Junie	23 Junie	24 Junie	25 Junie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5
Siklus 5	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	28 Junie	29 Junie	30 Junie	1 Julie	2 Julie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	5 Julie	6 Julie	7 Julie	8 Julie	9 Julie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5

6. TERUGKEER VAN GRADE 1 , 4 en 7

Die skool oorweeg om die graad 1-, 4- en 7-groepe elke dag vanaf 1 Mei terug te bring skool toe. Dit is uiters noodsaaklik dat sekere mylpale behaal moet word om leerders 'n stewige akademiese fondasie te gee. Dit is uiters noodsaaklik om nog steeds die veiligheidsprotokol en afstande te handhaaf. Ons gaan die grondslagfase kunsklas inrig as graad 1-klas en 'n addisionele onderwyseres vir die res van die jaar inbring om die noodsaaklike afstande te handhaaf. Die graad 4-leerders kan in die saal gehuisves word en graad 7 in die laboratorium. Die graad 7's gaan ons op 'n proeftydperk aanpak omdat die een klas virtuele klasonderrig op rotasie basis gaan ontvang. Ongelukkig kan ons weens die handhawing van afstande nie die ander grade nou al terugbring nie.

Om hierdie rede wil ons graag met die betrokke grade se ouers vergader om die finale besluit te neem:

- Graad 1 - Dinsdag, 6 April om 17:30 in die skoolsaal
- Graad 4 en 7 - Woensdag, 7 April om 17:30 in die skoolsaal

Weens veiligheidsprotokol kan slegs een ouer per gesin die vergadering bywoon.

7. OUERAANDE

Ons oueraande vind plaas op die volgende aande:

- Woensdag, 5 Mei vir Groep 1 (vanne A tot L) om 17:30
- Donderdag, 6 Mei vir Groep 2 (vanne M tot Z) om 17:30

Tydens hierdie geleentheid kry een ouer per gesin die geleentheid om die vordering van u kind met die klasonderwyser te bespreek.

Alle veiligheidsprotokolle sal gevolg word en daarom sal skandering alreeds om 17:00 begin voordat u die klasonderwyser in die klas ontmoet. Maskers is verpligtend en sosiale afstand moet ten alle tye gehandhaaf word. Slegs drie hekke sal oopgestel word vir skandering.

Die rugbyveld word ook as parkeerarea oopgestel. Toegang tot die skoolgronde kan by die volgende drie hekke verkry word:

- aflaaisone
- hoofingang
- rugbyveld indien u op die rugbyveld kom parkeer

8. VERKIESING VAN BEHEERLIGGAAM

Baie dankie aan elke ouer wat deelgeneem het aan die elektroniese verkiesing deur middel van Voting Crowd. Baie geluk aan die verkose lede van die beheerliggaam nl.:

Johan Muller	- Voorsitter
Carel Venter	- Ondervoorsitter
Meyer Bosman	- Tesourier
Monja le Roux	- Nie-doserende lid
Liezl Conradie	- Ouerlid
Morne van Rensburg	- Ouerlid
Elsabe Fourie	- Opvoeder
PJ v/d Merwe	- Opvoeder

Ons weet dat daar uitdagende tye voorlê, maar ons het volle vertroue vir u bydrae. Baie sterkte met u werksaamhede vir die volgende drie jaar.

Sterkte vir al die uitdagings wat daar op verskillende huishoudings wag. As ons almal saamwerk, maak ons dit makliker en veiliger vir almal.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit